# Hoofstuk van die dag: Hosea 11

> *Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God, nie 'n mens nie. (vers 9)*

Die woord van die Here deur sy profeet Hosea was hard. Hoofstuk ná hoofstuk moes Israel hoor dat hulle op pad is na ondergang en vernietiging omdat hulle die rug op die Here gedraai het en die Baäls gedien het (vers 2).
Maar net wanneer ’n mens hande in die lug wil gooi uit pure moedeloosheid, kom die Here met ’n ongelooflike woord (vers 8): “Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? […] Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.”
Ongelooflik dat God, ten spyte van alles, steeds sy volk (en vir jou!) liefhet en nie wil los nie. Dít is die evangelie in die profesieë van Hosea. Die Here is God, nie ’n mens nie. Hy is die Heilige wat by ons is en nie met woede wil ingryp nie (vers 9). Daarom staan daar ’n kruis op Golgota, waar die woede van God oor die sonde van sy mense (ook joune en myne) by ons verbygegaan het en sy Seun getref het.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026